

## REGLEMENT

(Regl 13 NGK/ 27 VGK)

### DIE KOMMISSIE VIR GETUIENISAKSIE IN KAAPLAND (WES- SUID EN OOS- KAAPLAND) VAN DIE VGK KAAPLAND, DIE NGKSA EN DIE RCA (KGA)

#### 1. INLEIDING

Die kommissie, bekend as die Kommissie vir Getuienisaksie (KGA) is deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, die Verenigende Gereformeerde Kerk Kaapland en die Reformed Church in Africa tot stand gebring om die getuieniswerk van die drie Kerke wat in 1991 in een aksie saamgevoeg is te beheer, bestaan voort ingevolge 'n *ooreenkoms* wat op 8 Junie 2007 tussen die Kerke gesluit is waarin besonderhede van die samestelling, opdrag en bevoegdhede van die kommissie uiteengesit word.

In die uitvoering van die roeping tot getuienis, tree die kommissie op as 'n eenheid en word daar 'n verenigde getuienis gelewer, verenigde aksies onderneem en met een stem na die ledekerke, ander kerke en na die wêreld gekommunikeer.

Die KGA onderneem al sy bedieninge met as uitgangspunt die klassieke ekumeniese simbole, die drie Formuliere van Eenheid en die Belydenis van Belhar. In dié lig is die ekklesiologiese raamwerk vir die KGA bediening 'n eenheids model waarin die koinoniale verband tussen die verskillende rolspelers erken word. Daarom word die werksaamhede van die KGA gedefinieer in terme van 'n verhoudingsgerigte diens in en vanuit die NG Kerkfamilie en ook in verband met die ekumene.

#### 2. HOOFDE VAN DIE OOREENKOMS

Die volgende is die hoofde waarin die ooreenkoms verdeel is:

1. BEVESTIGING VAN DIE ROL VAN DIE KGA
2. HOOFDOEL
3. SAMESTELLING
4. WERKWYSE
5. AANSPREEKLIKHEID
6. VOLMAG
7. BEPERKING OP BEVOEGDHEDE
8. BESTAANDE PERSONEEL
9. PREDIKANTE
10. VRAE OOR BELEID
11. REKENINGKUNDIGE ADMINISTRASIE VAN KGA
12. VERSLAG
13. GOEDERE
14. KGA REGLEMENT
15. REGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE
16. WYSIGING VAN OOREENKOMS

## 17. TERUGTREDE

### 3. WERKWYSE

Soos in die ooreenkoms uiteengesit tree die KGA op deur 'n algemene vergadering, 'n uitvoerende komitee met 'n dagbestuur en subkommissies, laasgenoemde met uitvoerende komitees.

### 4. PROSEDURE BY VERGADERINGS

Die prosedure wat by Vergaderings gevolg word, word bepaal deur die reglement van orde van daardie een van die Kerke wat op die betrokke tydstip volgens die besluit van die algemene vergadering van die KGA van toepassing is.

## 5. FUNKSIONARISSE

### 5.1. Voorsitter

Die algemene vergadering van die KGA wys 'n voorsitter en onder-voorsitter aan vir 'n termyn van drie (3) jaar om die algemene vergaderinge en dagbestuurvergaderinge te lei.

### 5.2. Sekretaris

Die dagbestuur kies 'n notulerende sekretaris vir die administratiewe funksionering van die kommissie vir 'n bepaalde tyd.

## 6. VERGADERINGS

6.3.1 Die Algemene Vergadering word jaarliks gehou

6.3.2 Die Uitvoerende Komitee, dagbestuur en subkommissies vergader so dikwels as nodig.

## 7. ORGANE

(kyk ooreenkoms punt 4)

### 7.1 Die Algemene Vergadering

Die Algemene Vergadering behandel sake wat tot sy agenda behoort (verwys ooreenkoms punt 6)

### 7.2 Die Uitvoerende Komitee (UK)

#### 7.2.1 Samestelling

Die Uitvoerende Komitee (UK) word deur die Algemene Vergadering saamgestel en bestaan waar moontlik uit 3 lede en 2 sekundi-lede van elk van die Kerke asook die predikant in sinodale diens (PSD).

Die voorsitter en ondervoorsitter is deel van hulle Kerk se verteenwoordiging.

Die Algemene Vergadering verseker dat die onderskeie werksaamhede van die KGA in die UK verteenwoordig word.

Die UK het die reg tot die koöpsie van 5 addisionele lede terwille van hulle kundigheid en om diversiteit te verseker.

#### 7.2.2 Opdrag/taak

Die UK

7.2.2.1 beplan die algemene vergaderinge

7.2.2.2 behartig spoedeisende sake en sake spesiaal deur die algemene vergadering en die subkommissies aan hulle opgedra.

- 7.2.2.3 adviseer die algemene vergadering oor die wyse waarop die KGA deur sy werksaamhede die proses van eenwording in die NG Kerkfamilie kan bevorder
- 7.2.2.4 doen oorhoofse finansiële beplanning en bestuur in oorleg met die saakgelastigde van die betrokke kerkvergadering
- 7.2.2.5 kan skakel met interkerklike groepe, ander kerke, ekumeniese liggame en owerheidsinstansies.
- 7.2.2.6 doen aan die algemene vergadering verslag van hulle werksaamhede.

## 7.2.3 **Dagbestuur van die UK**

### 7.2.3.1 **Samestelling**

Die Dagbestuur (DB) van die UK bestaan uit die KGA voorsitter, onder-voorsitter, die PSD's en die algemene sakebestuurder

### 7.2.3.2 **Bevoegdheid**

Die DB is 'n sub-kommissie van die UK en handel sake af wat deur die UK na hom verwys word asook spoedeisende sake wat tussen die UK vergaderings op sy agenda mag kom en wat binne die bevoegdheid val wat die UK aan hom toeken om te hanteer.

### 7.2.3.3 **Taak**

Die DB behartig alle dag tot dag sake van en rapporteer sy bevindinge en aanbevelings aan die UK.

## 8. **OMVANG VAN DIE GETUIENISAKSIE**

Die getuienisaksie van die kerke vind gestalte in die gerigte bediening na binne en buite wat deur die KGA bestuur word en tot die terrein waarvan die volgende hoort

8.1 Alle bedieninge wat KGA bestuur, koördineer, begelei en fasiliteer (bv arbeidsbediening, omgewingsorg, straatwerk, getuienis teenoor en dialoog met Jode en Moslems. Hierdie taak word deur die KGA self of in samewerking/ vennootskap met ander kerke onderneem.

8.2 Die uitreik na alle nie-gekerstendes, mense wat buite kerkverband geraak het en volgelingen van afwykende rigtings. Hierdie taak word deur die KGA self of in samewerking / vennootskap met ander kerke onderneem binne en buite die RSA.

8.3 Die keuring, toerusting en pastorale begeleiding van voltydse werkkragte in diens van die KGA vir hulle getuienistaak in samewerking met die kerke binne en buite die grense van die RSA in wie se diens hulle staan.

Hierdie toerusting ten opsigte van getuienis is aanvullend tot die toerusting wat in die plaaslike gemeentes behoort te geskied.

Getuienis is primêr die funksie van die gemeente. Wanneer gemeentes getuienisaksies hier of in die buiteland onderneem, behoort hulle dit ter wille van goeie koördinering in samewerking met die KGA te onderneem.

## 9. **WERKSAAMHEDE EN BEVOEGDHEDE**

Ter verwesenliking van sy hoofdoel behels die taak van die KGA die volgende

9.1. advies aan die kerke in hulle getuienistaak in die wêreld wat betref die volgende:

- 9.1.1 die opbou en toerus van gelowiges vir hulle dienswerk in die gemeente en in die wêreld, as getuies vir Jesus Christus met die oog op die uitbou van die Koninkryk van God en sy geregtigheid;
- 9.1.2 die strategie vir die uitvoering van hulle getuienistaak in die wêreld.
- 9.1.3 die beleid ten opsigte van die getuienistaak van die kerke
- 9.1.4 die uitreik na alle mense, bv kerkvervreemdes, die wat buite kerkverband geraak het, die nie-gekerstendes en die noodlydendes;
- 9.1.5 die oproep en opbou tot geloof in Jesus Christus, toetrede tot sy kerk en betrokkenheid in sy Koninkryk;
- 9.2 samewerking met al die kerke van die NG Kerkfamilie aan wedersydse opbou van mekaar, en die uitbou van die gemeenskap van die gelowiges binne die een liggaam van Jesus Christus ten einde so instrument te wees in die hand van God in die uitvoer van sy heilswerk op aarde;
- 9.3 samewerking op ekumeniese vlak;
- 9.4 die uitvoer van opdragte van die betrokke kerkvergaderinge en projekte te hanteer wat gedurende die reses ontwikkel.
- 9.5 die verwysing van botsende opdragte om deur die betrokke kerkvergaderinge se eie kommissies hanteer te word. Die benoemdes van 'n lidkerk in die KGA vorm die betrokke lidkerk se kommissie vir die hantering van botsende opdragte of sake waarvoor die KGA-reglement nie voorsiening maak nie
- 9.6 die sorg vir navorsing, beplanning, inligting en voorligting oor die getuienistaak van die kerk.
- 9.7 die uitoefening van nodige toesig en beheer oor werksaamhede wat deur die lidkerke onderneem word op die terreine wat onder die kommissie ressorteer.
- 9.8 die benoeming van verteenwoordigers van die KGA by ander sinodale kommissies.
- 9.9 die aanbieding van voorstelle vir kerkordelike bepalinge ten opsigte van die funksionering van kommissies vir getuienis van ringe en kerkrade.
- 9.10 die goedkeuring van huishoudelike reglemente vir subkommissies.

## 10. **PERSONEEL**

### 10.1 **Indiensstelling, werksopdrag en vergoeding**

- 10.1.1 Die KGA stel 'n personeelbeleid saam en pas dit aan na die eis van omstandighede.
- 10.1.2 By die indiensstelling van nuwe personeel en die vul van vakatures word soos volg gehandel:
  - 10.1.2.1 Die personeelbeleid word in ag geneem.
  - 10.1.2.2 Die KGA stel die werksopdrag van uitvoerende personeel vas (kyk ooreenkoms mbt predikante).
  - 10.1.2.2 Die bestuur en vergoeding van personeel word hanteer op basis van die KGA se personeelbeleid, vergoedingskale en byvoordele, wat van tyd tot tyd deur die KGA volgens behoefte aangepas kan word.

### 10.2 **Vakatures**

- 10.2.1 Predikante (sien ooreenkoms)
- 10.2.2 In die geval van administratiewe personeel word vakatures gevul, poste geskep en nuwe aanstellings gemaak deur die uitvoerende komitee van die betrokke subkommissie in oorleg met die UK van die KGA.

10.2.3 Die personeel van die KGA word deur die lidkerke geakkrediteer en verkry die bevoegdheid om namens die KGA by enige gemeente of kommissie van die lidkerke op te tree, inligting en toerusting te verskaf en te organiseer ter uitvoering van die doelstellings en werksaamhede van die KGA.

## 11. **FINANSIES**

Die dagbestuur stel met die oog op voorlegging aan en goedkeuring deur die algemene vergadering 'n begroting op vir al die werksaamhede, projekte en vergaderinge kragtens hierdie reglement.

## 12 **SKULDVERDELING**

12.1 Indien die KGA aangespreek word vir die betaling van skuld in verband met sy werksaamhede waarvoor daar nie begroot is nie gee die KGA dadelik daarvan kennis aan die Kerke.

12.2 Indien enigeen van die Kerke vir die betaling van sodanige skuld aangespreek word gee die Kerk dadelik daarvan kennis aan die KGA en aan die ander Kerke.

12.3 Die Kerke besluit dan of die eis betaal of betwis moet word.

12.4 Indien besluit word om die eis te betaal geniet die Kerk wat die eis betaal 'n verhaalsreg soos in klousule 11.3 van die ooreenkoms bepaal.

12.5 Indien besluit word om die eis te betwis word elke afsonderlike item van die koste wat in die bestryding van die eis aangegaan word of waarvoor die Kerke aanspreeklik word deur hulle gedra in verhouding volgens die formule wat ingevolge klousule 11.2 van die ooreenkoms vasgestel is vir die finansiële jaar waarin die betrokke item van koste aangegaan is.

12.6 Indien die skuldeiser nie teen al drie Kerke saam optree nie is 'n Kerk teen wie nie opgetree word nie verplig om die Kerk of Kerke teen wie wel opgetree word skadeloos te stel vir koste tot die mate waarin eersgenoemde Kerk uiteindelik ooreenkomstig die voorgaande paragraaf tot die koste moet bydra.

## 13. **WYSIGING**

Die kerke kan hierdie reglement wysig op voorlegging van of na oorlegpleging met die KGA.